MEDIAVERKLARING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

MARK WORD GROTER

Pretoria, 31 Julie 2013. Die gewilde antiek- en versamelaarsmark by die Voortrekkermonument sal op Vrouedag, 9 Augustus van 09:00 tot 15:00 op die dak van die groot Amfiteater plaasvind.

Die mark bars uit sy nate uit met al hoe meer besoekers op soek na ‘n winskopie. Dit bied ‘n wye verskeidenheid versamelaars- en antieke items te koop aan. Dit sluit in munte, medaljes, porselein, edelgesteentes, juweliersware, kunswerke, boeke, ou plate en poppe, ou speelgoed, radio’s, kameras, wetenskapinstrumente – te veel om te noem. Stalletjies by die mark is uiters gewild en daar bestaan ‘n lang waglys vir voornemende uitstallers.

Daar is verversings en ‘n restaurant by die mark, asook ‘n paar stalletjies met heerlike deli-kosse. Veilige parkering is beskikbaar teen slegs R20 toegang per voertuig. Die terrein is veilig en kinders kan oral hardloop en speel, of aan ‘n begeleide perderit deelneem.

Navrae aangaande die antiekmark kan gerig word aan Geraldine by 012 326 6770 of by bemarking@voortrekkermon.org.za.

UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@voortrekkermon.org.za